	Die Voortrekkers **REËLS EN INLIGTING OOR BESPREKING VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT / AMFITEATER / SCHANSKOP / PIEKNIEKTERREIN**	**Vorm VTM 2 2007**

1. INLEIDING

1.1 Alle besprekings deur Voortrekkerinstansies vir na-uurse besoeke (voor 08:00 en na 18:00 in die somermaande en voor 08:00 en na 17:00 in die wintermaande) aan die Voortrekker-monument en die gebruik van die amfiteater geskied by die hoofkantoor van *Die Voortrekkers,* telefoon (012) 328-2797 of faks (012) 328-2798.

1.2 Instansies is verantwoordelik vir enige skade wat deur hulle veroorsaak word en dit sal van hulle verhaal word.

1.3 Nóg die *Direksie van die Voortrekkermonument* nóg *Die Voortrekkers* is aanspreeklik vir enige ongeval wat 'n lid van *Die Voortrekkers* op die terrein sou oorkom.

2. PROSEDURE

2.1 Die verantwoordelike persoon van die instansie skakel die hoofkantoor om navraag te doen of die geriewe op die verlangde datum beskikbaar is.

2.2 Die hoofkantoor skakel met die Voortrekkermonument of die fasiliteite op die verlangde datum beskikbaar is en stel die aanvraer daarvan in kennis.

2.3 Die verantwoordelike persoon doen binne 3 dae 'n bespreking op die voorgeskrewe vorm en **sluit 'n deposito van R150.00** (wat nie terugbetaalbaar is nie) in.

2.4 Bevestiging/aanvaarding van die bespreking word daarna skriftelik/per faks gedoen.

2.5 Besprekings moet verkieslik 14 dae voor die verlangde datum gedoen word.

3. FASILITEITE EN TARIEWE (ALLE PRYSE SLUIT BTW <u>UIT)</u>

3.1 Voortrekkermonument – Senotaafsaal
Fasiliteite beskikbaar:
Toiletgeriewe, muurproppe vir 'n klankstelsel in die senotaafsaal en 'n kateder.
Tarief: R400 per geleentheid / per dag.

3.2 Amfiteater sonder gebruik van Amfikelder
Fasiliteite beskikbaar:
Toiletgeriewe
Tarief: R400 per geleentheid / per dag

3.3 Schanskop Amfi
Fasiliteite beskikbaar:
Toiletgeriewe
Tarief: R300 per geleentheid / per dag

3.4 Piekniekterrein
Fasiliteite beskikbaar:
Groot saal / Voortrekkersaal
Staanplek vir tente (moet self voorsien en opgeslaan word)
Braaigeriewe
Toiletgeriewe
Tarief: R300 per geleentheid / per dag

3.5 Tafels en stoele:
Stoele beskikbaar @ R5.00 per stoel en tafels @ R20.00 per lang staal tafel.